# H O O F S T U K . 3 .

## B O E R E V O O R M A N .

Nadat Cronje sy ontslag ontvang het, het hy hom op sy plaas teruggetrek en vir etlike jare nie aan die openbare lewe deelgeneem nie. Daarvoor was sy gevoelige gees en eiewysheid nie bereid nie. Sy eer was gekrenk. Gedurende die sewentiger jare het hy hom nie weer as assistent- of veldkornet verkiesbaar gestel nie.[1] Hy het hom in sy boerdery verdiep en hard gewerk sodat hy vinnig vooruitgeboer het.[2]

Terwyl Cronje hom op sy plaas teruggetrek het, het die Suid-Afrikaanse Republiek met ernstige moeilikhede te kampe gehad. In 1871 het Pretorius as president bedank weens die ongelukkige afloop vir die Transvaal van die moeilikhede op die diamantvelde. Die Keate-uitspraak teen die Republiek het Pretorius se posisie onmoontlik gemaak. Die Republiek het op die tydstip behoefte aan 'n meer geskoolde staatshoof gehad. Die keuse het op Dr. Thomas Francois Burgers geval.[3]

Een/........

---

1). Staats-Courant der Z.A.Republiek Nr. 317, 15 Maart 1870, bls.1: S.D.J.van der Merwe is in Cronje se plek as assistent-veldkornet vir die wyk Schoonspruit gekies.

Gedurende die sewentiger jare het die volgende persone die betrekkings beklee:-

VELDKORNET - Schoonspruit.

S.D.J.van der Merwe - Staats- Courant,Nr. 335,19 Julie 1870,bls.1;

P.L.Bezuidenhout - Staats-Courant Nr. 548,21 Okt. 1874, bls.1;

J.G.Röscher - Staats-Courant Nr.668,17 Jan.1877,bls.2;

A.P.Cronje (Cronje se vader)-Staats-Courant Nr.16,1881, bls.34.

Assistent-veldkornette.

J.P.Delport - Staats-Courant Nr.361,17 Jan.1871,bls.1;

N.J.Theunissen- Staats-Courant Nr.567,3 Maart 1875,bls.1;

G.J.Lombaard - Staats-Courant Nr.113,15 April 1879, bls. 139.

2). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

3). Dr. S.P.Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bls. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een van Burgers se groot ideale was om 'n spoorweg van Pretoria na Delagoabaai te bou. Van die Volksraad het hy magtiging verkry om in Europa 'n lening van £300,000 vir hierdie doel aan te gaan. Met hierdie opdrag het hy na Europa vertrek en daarin geslaag om 'n lening te kry en in België 'n ooreenkoms met 'n firma te tref om spoorwegmateriaal tot 'n waarde van £63,000 vir die Suid-Afrikaanse Republiek te lewer.4)

Na sy terugkoms uit Europa het daar moeilikheid met die Bapedi-opperhoof, Sekoekoeni, ontstaan. Die Volksraad het die saak deeglik bespreek en die regering gemagtig om die rebellie te onderdruk.5) Toe die oorlog uitbreek, was daar geen leier nie, want in Mei 1873 het die Volksraad besluit dat die betrekking van Kommandant-generaal in vredestyd afgeskaf word.6) President Burgers het Paul Kruger, Piet Joubert e.a. genader om die Kommandant-generaalskap aan te neem, maar almal het geweier. Burgers was verplig om persoonlik die kommando te vergesel, terwyl M.W.Pretorius en N.J. Smit respektiewelik as Kommandant-generaal en Luitenant-generaal opgetree het.7)

Hierdie stap van Burgers het hom baie onpopulêr gemaak. In September 1876 het die Volksraad in 'n buitengewone sitting veral sy Onderwyswet en spoorwegpolitiek teen hom uitgespeel. Die Boere op die platteland was erg teen die spoorwegplan/.....

---

4). Dr.S.P.Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bls.184.

5). Ibid., blss.197 - 199.

6). Volksraadsnotule, artt. 111 en 112, Mei 1876.

7). Dr.S.P.Engelbrecht, bls. 201.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spoorwegplan gekant, omdat hulle daardeur baie minder transportwerk sou kry.[8] Cronje het hulle sienswyse gedeel. Hy was teen Burgers gekant en het die opinie gehuldig dat Burgers, omdat hy in Europa gestudeer het, die Transvaal op Europese model wou inrig. Die spoorwegbeleid van Burgers het hom afkerig gemaak. Cronje was oortuig dat die Transvaal nog nie in staat was om spoorweë te bekostig nie.[9] Spoorwegontwikkeling sou hom ook benadeel. Transportwerk het hom gedurende hierdie tyd baie geld in die sak gebring. Hy het ook nie aan die ekspedisie teen Sekoekoeni deelgeneem nie.[10]

Kort hierna is die Transvaal deur Sir Theo. Shepstone geannekseer.[11] Die anneksasiedaad het 'n geweldige opskudding veroorsaak. Oorlogswolke het gedreig om oor die Republiek los te breek. Op hierdie stadium kon daar nie aan gewapende verset gedink word nie, omdat die Republiek nie daarvoor gereed was nie. Op 10 Mei 1877 het Paul Kruger en Dr. Jorissen die Transvaal as Eerste Deputasie na Engeland verlaat met die vaste oortuiging dat as die Britse owerhede die ware toedrag van sake verneem, hulle die handelwyse van Shepstone sou afkeur.[12]

Die deputasie het onverrigtersake teruggekeer. In Januarie 1878 het Kruger voor ongeveer duisend Boere verslag uitgebring te Pretoria. Hier is 'n Volkskomitee gekies om/.......

---

8). Dr. S.P.Engelbrecht, blse. 190 - 191.
9). Herinnoringen, 15 Augustus 1913; Volksraadsnotule, art. 1077, 25 Julie 1890. ( Cronje i.v.m. spoorwegontwikkeling).
10). Herinneringen, 15 Augustus 1913.
11). Dr. S.P.Engelbrecht, bls.353.
12). Dr.M.Heyns: Die Eerste Vryheidsoorlog. 1880 -1881, bls. 80. (Ongepubliseerde Doktorale proefskrif, Univ. van Pretoria. 1941);
J.D.Naude: Paul Kruger en die Eerste Anneksasie van Transvaal, 1877 -1881, bls.83. (Ongepubliseerde M.A.verhandeling, Univ. van S.A., 1937).
Hy gee die datum foutiewelik as 9 Mei 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om verder in die saak te handel.[13] Aan Lord Carnarvon is 'n brief gerig waarin hy verwittig is dat die Volkskomitee ontevrede is omdat die deputasie niks uitgerig het nie. Op 23 Januarie het Kruger op die plaas Nauwpoort, distrik Potchefstroom, nog 'n vergadering toegespreek, waar 'n kommissie gekies is om naamtekeninge vir en teen die anneksasie op te neem. Op 4 April sou hulle 'n gesamentlike vergadering te Doornfontein, distrik Pretoria, hou.[14] Dit was die eerste Volksbyeenkoms waar die kommissie die volgende dag verslag gedoen het.[15]

Hier is besluit om nog nie geweld te gebruik nie, maar om 'n Tweede Deputasie na Engeland te stuur om langs vreedsame weg 'n oplossing te probeer vind. Hierdie Tweede Deputasie het bestaan uit Kruger en Joubert. Ook hulle het geen sukses behaal nie. Die deputasie het op 10 Januarie 1879 aan tussen 2,000 en 3,000 mense by Wonderfontein in die Potchefstroomse distrik 'n verslag van hulle sending gelewer.[16] Die gevoelens het hoog geloop. Baie burgers wou met geweld die wapens opneem, maar Kruger het aangetoon dat die tyd daarvoor nog nie aangebreek het nie. Daarop is Piet Joubert afgevaardig na Sir Bartle Frere, die Engelse Hoë Kommissaris, wat toe i.v.m. die Zoeloe-oorlog in Natal was om 'n oplossing te vind.[17] Sy sending was ook vrugteloos. Op 18 Maart 1879 het/......

---

13). Dr. M.Keyns, blse.106 - 108.
14). Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek, bls.192; Dr. M.Keyns, bls.110.
15). J.A.Mouton: Generaal Piet Joubert in die geskiedenis van Transvaal tot 1884, bls.31. (Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Univ. van Pretoria).
16). De Volksstem, 25 Jan. 1879; Dr.M.Keyns, bls.171; J.A.Mouton, bls.36 en Van Oordt, blse.243 -244.
17). Van Oordt, bls.245; Dr. M.Keyns, blse. 171 -172 en Mouton, bls. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hy op 'n vergadering te Kleinfontein, 36 myl van Pretoria, verslag gelewer. Daaruit het geblyk dat Sir Bartle Frere verwag het dat die Boere hulle aan die Britse kroon moes onderwerp.[18]

Op 4 Maart 1879 is Sir Owen Lanyan as Administrateur van die Transvaal ingesweer en kort daarna het hy agtien afgevaardigdes van die Volkskomitee ontmoet.[19] Die besprekings het op niks uitgeloop nie. Lanyan het beweer dat die Boere moes wag totdat Sir Bartle Frere hulle kon ontmoet. Op 10 April het hy 'n samespreking met die Volkskomitee gehou waar besluit is dat hy op 12 April die Komitee te Erasmusspruit (Hennopsrivier) alleen sou ontmoet.[20] Die volk het hierop geantwoord dat hulle ontevrede was met die uitstel, maar intussen sou wag met die hoop dat Haar Majesteit reg sou laat geskied.[21]

Sir Garnet Wolseley, die opvolger van Lord Chelmsford in die Zoeloe-oorlog in Natal en Hoë Kommissaris om Zoeloe- en Transvaalse sake te besleg, het op 'n skrywe van die Volkskomitee geantwoord dat die Koningin nie van plan is om die anneksasie ongedaan te maak nie.[22] Die Volkskomitee belê nou 'n vergadering vir 10 Desember 1879 te Wonderfontein.[23] Wolseley het probeer om die byeenkoms te belet

deur/......

---

18). De Volksstem, 25 Maart 1879; Dr. M. Heyns, bls. 180; J.A. Mouton, bls. 40.
19). Staats-Courant, 27 Maart 1879, bls. 115. Die plaas waar die ontmoeting plaasgevind het, het aan 'n sekere Strydom behoort en dit was 14 myl van Pretoria geleë.
20). Staats-Courant, 12 April 1879, blse. 161 - 169.
21). B.V.6: Antwoord van die volk aan die Komitee, Koelfontein, 18 April 1879.
22). Dr. E.J.P. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen, bls. 48.
23). B.V.6: Nr. 34: Notule van die vergadering te Wonderfontein, 30 September 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur te proklameer dat deelneming aan die byeenkoms 'n persoon aan hoogverraad skuldig maak.Die Boere het hulle nie hieraan gesteur nie en op 10 Desember 1879 was daar meer as 6,000 burgers bymekaar. Vir die eerste keer sedert 1877 is die Vierkleur onder 'n salwo van geweerskote gehys.[24)]

Cronje was ook by hierdie vergadering teenwoordig. Saam met sy landgenote het hy in die afgelope twee jaar teen die anneksasiedaad van Groot Brittanje geprotesteer, die vergaderings bygewoon en langs vreedsame weg probeer om 'n oplossing te vind.Maar dit alles het niks gehelp nie.[25)] Die tyd om handelend op te tree, het nou aangebreek.

By hierdie byeenkoms het Kruger die aanwesiges gewaarsku dat die weg wat hulle wou inslaan, op lewe en dood uitgeloop het; daarom moes hulle hulle woorde weeg en die gevolge van 'n onbesonne daad goed bedink.[26)] Die wapens moes nie ligvaardiglik opgeneem word nie; Engeland was magtig.[27)]

Op die vergadering is dertig voormanne gekies: vir elke wyk van elke distrik een persoon, in die meeste gevalle die veldkornet.Alhoewel J.G.Röscher en N.J.Theunissen die poste van veldkornet en assistent-veldkornet in die wyk Schoonspruit/...

---

24). Dr.M.Heyns, bls.230; J.A.Mouton, bls.52; J.D.Naudé, bls. 144; J.G.Kotze: Biographical Memoirs and Reminiscences, bls.668 en 669; J.E.F.Jorissen, bls.49.

25). Herinneringen,15 Augustus 1913.

26). De Volksstem, 16 Desember 1879.

27). B.V.2 , Nr. 13: Verslag van die vergadering van Wonderfontein, 10 Desember 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Schoonspruit beklee het,[28] het die keuse op Cronje as Boere-voorman vir hierdie wyk geval.[29] Hy was onder die Schoonspruiters goed bekend en het hulle vertroue weggedra. By vorige geleenthede het hy hom reeds as 'n dapper krygsman onderskei. As assistent-veldkornet het hy hulle vir jare gedien; daarom was hulle bereid om die belange van hulle wyk en die behoud van die onafhanklikheid van hulle land ook aan hom toe te vertrou.[30]

Die volgende dag het hierdie dertig Voormanne onder voorsitterskap van H.P.Malan van Rustenburg, 'n brief aan die Volkskomitee gerig waarin hulle die komitee bedank het vir die werk wat tot dusver gedoen is. Hulle was begerig om 'n nuwe weg aan te wys om die anneksasie ongedaan te kry en hulle ou regering weer op te rig.[31] Voorts verklaar hulle dat, aangesien die Britse kommissarisse en ministers doof was vir geregtigheid en dat hulle verlore onafhanklikheid blykbaar nie teruggekry sou word nie, hulle eis dat die Vise-president dadelik as president moes optree; dat die president in ooreenstemming met die Grondwet die Volksraad moes oproep; hulle verklaar dat hulle nooit onder Britse gesag sou staan nie; hulle bly protesteer teen alle proklamasies; hulle wou niks anders as hulle onafhanklikheid hê nie; hulle was bereid om hulle lewes daarvoor op te offer; hulle eis dat hulle regering volgens die Grondwet herstel moes word.

Dit/.......

28). Staats-Courant Nr.668,17 Jan.1877,bls.2 en Staats-Courant Nr.567,3 Maart 1875,bls.1.
29). B.V.2,Nr.13 : Verslag van die Vergadering van Wonderfontein, 10 Des. 1879.
30). Cronje was nou 43 jaar oud.
31). B.V.6. Nr.55: Brief van Boere-Voormanne aan die Volkskomitee, 12 Desember 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was die volk se begeerte dat die Volkskomitee die nodige stappe moes doen om hulle onafhanklikheid te herwin. As die Komitee 'n beter weg daartoe weet, was dit hulle wens dat die Komitee dit dadelik aan die volk moes voorstel.[32)]

Hierdie beroemde besluit is op 15 September 1879 geneem. Die Volkskomitee was bereid om die besluite uit te voer, maar omdat dit 'n geruime tyd sou duur om al die maatreëls te tref, is 'n kommissie aangestel om alle voorkomende sake tot 6 April 1880 te behandel. Op hierdie datum sou weer 'n vergadering te Paardekraal, die plaas van M.W.Pretorius, gehou word.[33)] H.P.Malan, gesteun deur Cronje, het voorgestel dat, as daar nie voor 6 April uitvoering aan die voorstel gegee en die onafhanklikheid nie herstel is nie, alle verhoudings met Engelssprekendes en Engelsgesindes afgebreek sou word. Alle boeke, geskrifte en dokumente in die Engelse taal sou verbrand word, kinders uit Engelse skole geneem en geen herberg aan Engelssprekende en Engelsgesinde persone gegee word nie.[34)] In hierdie voorstel kom Cronje se minagting vir almal wat Engels of Engelsgesind is op die voorgrond.

Om sake te vererger en die Boere meer te verbitter, is W.E.Bok op 3 Januarie en M.W. Pretorius op 5 Januarie 1880 op beskuldiging van hoogverraad gearresteer omdat hulle onderskeidelik as sekretaris en voorsitter van die Volkskomitee die/........

---

32). B.V.6.Nr.55 : Brief van Boere-voormanne aan die Volkskomitee, 12 Des. 1879.
33). Dr. M.Heyns, bls.233.
34). B.V.6 : Brief van Boere-voormanne aan die Volkskomitee, 15 Desember 1879.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die skrywe aan Sir Garnet Wolseley om hom in kennis te stel van die vergadering wat te Wonderfontein gehou sou word, onderteken het.[35]

Die gevangeneming van Bok en Pretorius het groot opgewondenheid onder die Boere veroorsaak. Cronje en sowat 300 gewapende burgers het by Mooirivier, naby Potchefstroom, bymekaargekom om die inhegtenisname te bespreek en planne te beraam om die gevangenes te bevry.[36]

Die ander Voormanne van die verskillende wyke van die distrik Potchefstroom het saam met Cronje vergader.[37] Nadat die vergadering geopen is, het Cronje opgestaan en daarop gewys dat almal die Voormanne van dieselfde rang en stand is. Dit was wenslik om een uit hulle midde as algemene of hoofvoorman te kies, sodat hy kon optree as die hoogste gesaghebbende persoon in die distrik met mag om beskerming te verleen aan diegene wat dit nodig het en verder algemene toesig te hou oor al die wyke in die distrik. Ongereeldhede in die distrik moes aan hom gerapporteer word. Cronje het P.Venter, lid van die Volkskomitee voorgestel, maar die wys dit van die hand omdat die verantwoordelikheid aan die pos verbonde vir hom te groot was. Willem Schoeman beskou die persoon wat eerste die nuttigheid van soiets ingesien het, die geskikste en stel Cronje voor. Die voorstel is met algemene/.....

---

35). Joubert-Kolleksie, 2337 : M.W.Pretorius aan S.J.P.Kruger, Rustenburg, en P.J.Joubert, Wakkerstroom, Potchefstroom, 16 Maart 1880.

36). Dr. M.Heyns, bls.235; Kotze, bls.672; J.D.Naude, bls 5? Herinneringen, 15 Augustus 1913.

37). Die ander Voormanne was :-

| | |
|---|---|
| P.Bezuidenhout | - wyk Mooirivier. |
| W.Schoeman | - wyk Vaalrivier. |
| A.Oosterhuizen | - wyk Gatsrand. |
| C.Kamfer | - wyk Makwassie. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

algemene stemme aangeneem. Cronje het die pos van hoofvoorman aanvaar.[38] Die keuse was goed. Van nou af het daar groot verantwoordelikheid op sy skouers gerus. Cronje was 'n man op wie sy medeburgers kon staatmaak; daarom kon hy die verantwoordelikheid dra.

Kruger het van die samekoms van Cronje en sy burgers te hore gekom. Hierdie onderneming kon maklik tot opstand en oorlog lei. Onder die onvoorbereide omstandighede waarin die volk verkeer het, sou so 'n oorlog baie nadelige gevolge gehad het. Om die rede het Kruger haastig na Mooirivier gereis om Cronje se voorgenome planne te belet. Op 10 Januarie 1880 het Kruger in Cronje se laer aangekom. Na baie moeite het hy daarin geslaag om die gewapende burgers van hulle plan te laat afsien. Hulle moes nie geweld gebruik nie en voorlopig na hulle huise terugkeer. Die raad is opgevolg. Kruger het ook daarin geslaag om Pretorius en Bok onder borgtog vry te kry.[39]

Die Volkskomitee het in 'n moeilike posisie verkeer. Hulle kon Engeland bra nie die oorlog aansê nie en het besluit om voorlopig maar eers 'n bietjie te wag. Op 'n volgende byeenkoms by Wonderfontein het hulle besluit om vir Kruger en Joubert as 'n deputasie na Kaapstad af te vaardig. Sir Bartle Frere het gepoog om sy federasieskema deur die Kaapse parlement aangeneem te kry en die Boere wat hom met die Britse regering vereenselwig het, was beslis om dit te probeer/.....

---

38). Herinneringen, 15 Augustus 1913.

39). Dr. M.Heyns, bls.235; J.D.Naude, bls.146; Kotze, bls.673; Gedenkschriften, bls. 90; Van Oordt, bls. 291; Herinneringen, 15 Augustus 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

probeer verhoed.[40] Dit is verder besluit om die Volksvergadering wat vir 6 April 1880 te Paardekraal bepaal is, vir 'n onbepaalde tyd uit te stel.[41]

Die uitstelling van die vergadering moet toegeskryf word aan die verkiesingsveldtog wat daar in Engeland aan die gang was . Die leier van die opposisie, W.E.Gladstone, het geweldig teen die anneksasie gepraat en die Boere het gedink dat , as hy eerste minister word, hy die anneksasie ongedaan sou maak. As die federasie-skema van Frere sou slaag, sou die verkryging van hulle onafhanklikheid moeiliker gemaak word.Daarom moes hulle alle moontlike kragte inspan om dit te laat misluk. Die sending na die Kaap het die regte uitwerking gehad. Hulle het daarin geslaag om soveel invloed uit te oefen en simpatie te wen dat die stelsel verval het.[42]

Die deputasie het aan die begin van Mei 1880 te Kaapstad aangekom.[43] Hier het hulle die berig ontvang dat Gladstone die oorwinning behaal en eerste minister van Engeland geword het.[44] Onmiddellik het hulle 'n brief aan die nuwe eerste minister gerig waarin hulle 'n kragtige beroep op hom gedoen het vir die herstel van die onafhanklikheid van die Transvaal.In die begin van Junie is sy antwoord ontvang.[45] Sy antwoord was duidelik en beslis:-

"Our judgment is that the Queen cannot be advised to relinquish her sovereignty over the Transvaal." 46)

Hierdie/....

40). John Nixon: The Complete Story of the Transvaal, bls.142.
41). Joubert Kolleksie ,2337, 18 Maart 1879; Dr.M.Heyns, bls. 236; Gedenkschriften, bls. 90.
42). Dr. M.Heyns, bls.236; Van Oordt, bls. 295.
43). J.D.Naude, bls. 148.
44). Dr. M.Heyns, bls.236.
45). De Volksstem, 3 Augustus 1880; Van Oordt, blse. 297-298.
46). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie antwoord is gegee as gevolg van 'n skrywe van Sir Garnet Wolseley in Maart 1880, waarin hy beweer het dat die Boere na die byeenkoms te Wonderfontein tevrede was.[47] Hy het die verkeerde gevolgtrekking gemaak toe die Boere besluit het om alleen onder protes belasting aan die Britse regering te betaal.

Na die aankoms van die deputasie uit die Kaapkolonie en nadat hulle van hulle sending verslag gedoen het, is besef dat die onafhanklikheid van die land langs vreedsame wyse nie verkry sou word nie. Nou is besluit om so stagig-aan vuurwapens in die hande te kry. Sommige Boere het haastig geword. Op aandrang van 'n paar Voormanne, van wie Cronje een was, is besluit om die vergadering te Paardekraal op 8 Januarie 1881 , i.p.v. 6 April, te hou.[48]

Die Engelse regering het in die waan verkeer dat die Boere tevrede is omdat hulle so stil was en het besluit om die skroef 'n bietjie aan te draai op die persone wat nie hulle belastings wou betaal nie. Hierdie optrede van die Engelse het die vet in die vuur geblaas.[49]

In Oktober 1880 is 'n aantal burgers aangeskryf om hulle belastings te betaal. Sommige het gehoor gegee maar die meeste, veral uit die distrikte Potchefstroom, Rustenburg, Middelburg, Wakkerstroom en Zeerust, het die belasting onder protes/......

---

47). Four Years of Protest, blse. 49-50.

48). Joubert-Kolleksie 7 - 2384: M.W. Pretorius aan P.J. Joubert, Lid van die Volkskomitee, 27 November 1880.

49). Dr. L. Heyns, bls. 237.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

protes betaal. Veral in die distrik Potchefstroom, wat die grootste aantal patriotte bevat het, was baie burgers agterstallig. Landdros Goetz van Potchefstroom het hulle aanmanings gestuur om die belasting te betaal. Die aangeskrewe burgers het hom laat weet dat hulle op 7 Oktober self te Potchefstroom sou wees. Die man wat hulle raad gegee het, was Cronje,

> " een Afrikaner van uitnemend dapperheid, doch eenigzins voortvarend van geest, en die derhalve al meer dan moe was van het naar zijn oordeel onnoodige getalm van het Volks-Comite". 50)

Op 7 Oktober 1880 ry Cronje en ongeveer 130 burgers uit die wyk Schoonspruit, distrik Potchefstroom, die dorp binne, hou voor die Landdroskantoor stil en oorhandig 'n brief van die volgende inhoud aan die landdros:-
Hulle erken die ontvangs van die aanskrywings om hulle agterstallige belastings te betaal en gee te kenne dat hulle bereid is om aan hulle eie wettige regering belasting te betaal; hulle is van mening dat Landdros Goetz in belang van die Britse regering optree, 'n regering wat op onwettige wyse meester van hulle land geword het. As gevolg hiervan beskou hulle die Britse regering onwettig; daarom het die regering ook nie reg om van hulle belasting te vorder nie; hulle is gewillig om onder protes te betaal. Goetz moes kwitansies aan hulle uitreik en uitdruklik daarop meld dat die betaling onder protes geskied het; hy moes beloof om die betaalde geld in bewaring te hou totdat dit weer aan hulle of hulle wettige regering oorbetaal kon word. Indien Goetz weer

om/.......

---

50). R.4264/80 by R.4168/80 ad R.176/81: Brief onderteken deur P.A.Cronje, Voorman, J.H.Visser, H.R.Lemmer, P.F.Ernst en 124 ander.
Van Oordt, blse.301 -302; J.D.Weilbach en C.E.N.du Plessis: Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog, blse. 126 - 127.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om aan hulle billike versoek te voldoen, verklaar hulle dat hulle alleen vir geweld sou buig.[51]

Cronje het hier opgetree as 'n Voorman wat sy naam werd is. Terwyl duisende burgers gesit en wag het op die Volksvergadering wat vir 8 Januarie 1881 belê is, het hy en sy burgers die voortou geneem en die Britse regering getoon dat hulle nie met sy optrede gediend is nie. Hy en sy burgers was bereid om met wapengeweld hulle reg te verkry.

As gevolg van Cronje se optrede het Goetz op 6 November 1880 'n brief aan die Koloniale Sekretaris te Pretoria gerig, waarin hy meld dat 130 Boere uit die wyk Schoonspruit aangeskryf is omdat hulle nog nie hulle agterstallige belasting betaal het nie.[52] As antwoord het hy ontvang dat die gereg sy gang moos gaan.

Pieter Lodewyk Bezuidenhout, een van die burgers wat saam met Cronje aangeskryf is, is vir 'n tweedekeer aangesê om voor Landdros Goetz te verskyn. Die bedrag van £27 - 5s. is van hom geverg, maar hy was begineelvas en was gewillig om £14, soos deur die Suid-Afrikaanse Republiek van hom ingevorder is, te betaal.[53] Goetz het geweier om £14 te ontvang en het opdrag gegee om Bezuidenhout se wa in beslag te neem. Die wa sou op 11 November 1880 deur publieke veiling verkoop word om nie alleen die verskuldigde bedrag te/......

---

51). R.4264/80 by R.4168/80 ad R.176/81 : Brief onderteken deur P.A.Cronje, Voorman, J.H.Visser,H.R.Lemmer, P.F.Ernst en 124 ander; Van Oordt, blse.301 - 302; J.D.Weilbach en C.J.N.du Plessis, blse. 126 - 127.

52). R.4774/80 by R.4168/80 ad R.176/81: Landdros Goetz aan die Koloniale Sekretaris, Potchefstroom, 6 November 1880.

53). R.5449/80 : Verklaring van P.A.Cronje voor die vergadering te Kaalfontein, 1 Desember 1880; De Volksstem, 7 Desember 1880. ( Verslag van verg. te Kaalfontein).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te dek nie, maar om terselfdertyd die hofonkoste uit te wis.[54)]

Hierdie optrede van Goetz was 'n uitdaging vir die Schoonspruiters. Cronje het die uitdaging met beslistheid aangeneem. Onverskrokke het hy na vore getree en besluit om ten alle koste die verkoop van die wa te belet. Op die môre van 11 November het Cronje aan die voorpunt van sy kommando Potchefstroom binnegery en by die wa wat verkoop moes word, stilgehou. Kort voordat die balju na die wa gestap het, het Bezuidenhout die wa bestyg en die omstanders toegespreek. Hy het verduidelik dat hy gewillig is om belasting te betaal, maar onwillig om die verhoogde som deur Goetz op hom gelê, te vereffen. 'n Paar van die ander burgers het gepraat en daarna het Cronje aan die woord gekom. Hy het soos gewoonlik min gepraat maar baie duidelik laat verstaan dat hy nie sou toelaat dat die wa verkoop word nie.[55)]

Vir 'n oomblikkie het daar 'n doodse stilte geheers. Almal was diep onder die besef van die erns van die oomblik. Op die gesette tyd het die balju, Mouquette genaamd, sy verskyning gemaak, die wa bestyg, volgens prosedure iets voorgelees en aangekondig dat die wa verkoop moes word. Nadat hy 'n bod gevra het, het twee van Cronje se burgers op die wa gespring en Mouquette aan die hande gegryp, maar voordat hulle iets kon doen, het hy met 'n woeste sprong op die grond te lande/.......

---

54). R.5449/80 : Verklaring van Cronje voor die vergadering te Kaalfontein, 1 Des. 1880; De Volksstem, 7 Desember 1880. Ibid.
Dr. M. Heyns noem die bedrae wat gevorder is £27 terwyl Bezuidenhout gewillig was om £18 te betaal. Hierdie verkeerde bedrae vind hy in sy enigste bron, Weilbach en du Plessis, blse. 126 en 127.

55). Dr. M. Heyns, bls. 242; Van Oordt, bls. 302; Herinneringen, 15 Augustus 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lande gekom. Op bevel van Cronje het die burgers die wa gepak en weggetrek. Moucuette het 'n laaste vrugtelose poging aangewend om die wa te verkoop deur al roepende agterna 'n bod te vra, totdat een van die burgers hom gepak en in 'n poel modderige water gewerp het.[56)]

Cronje het sy burgers beveel om die wa na Bezuidenhout se plaas terug te neem. Die Engelse regering was van plan om Cronje en sy volgelinge behoorlik te straf oor die Potchefstroom-voorval en daarom het W.B.Morcom, Prokureur-generaal van die Transvaal, 'n skrywe aan die publieke vervolger te Potchefstroom gerig om hom te beveel om die outoriteit van die landdros te handhaaf. Die rebelle, soos Cronje en sy medepligtiges genoem is, moes so gou as moontlik gearresteer en verhoor word. Die leiers moes tronkstraf sonder opsie van boete ontvang en na Pretoria gestuur word om hulle vonnisse daar uit te dien.[57)]

Intussen het kaptein Raaff as bode van die hof opgetree en was die inhegtenisname van Cronje en sy medepligtiges aan hom opgedra.[58)]

Op 14 November het Sir Owen Lanyon aan kolonel Bellairs, bevelvoerende offisier van die Engelse garnisoen te Pretoria, 'n breedvoerige uiteensetting van die gebeurtenis per brief toegestuur. Hy word versoek om onverwyld 'n troepemag na Potchefstroom te stuur om die tronk te bewaak en

later/....

---

56). Enclosure 1 in Nr.61.C - 2740, bls.10: (Verslag van die Potchefstroomse gebeurtenisse); Kiellbach en du Plessis, blse. 128 - 130; Herinneringen, Augustus 1813.

57). C - 2740. Enclosure 3 in Nr.61, bls.111: ( Ibid.).

58). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

later die gevangenes na Pretoria te begelei.[59] As voorsorgmaatreël het die 21 ste regiment van Pretoria na Potchefstroom vertrek. Die regiment het onder kolonel Winsloe gestaan en kort na hulle aankoms te Potchefstroom kamp opgeslaan.[60]

Die Engelse het intussen ook uitgevind dat Cronje 'n gewapende mag by sy huis op die plaas gehad het.[61] Kaptein Raaff het Cronje 'n mondelinge boodskap gestuur dat hy hom oor 'n paar dae sou kom besoek.Cronje het geweet wat die doel van die besoek was en het hom vroegtydig gereed gemaak.'n Paar dae hierna het Raaff en tien gewapende Engelse op die plaas opgedaag. Die spruit naby Cronje se huis was vol sodat die Engelse nie kon deurkom nie. Hy het om hulp gesein waarop Cronje 'n aantal burgers gestuur het om die besoekers deur te help.[62]

Nadat aan beide kante heelwat gepraat is, het Raaff sy bes gedoen om Cronje en sy burgers tot oorgawe te beweeg en hom na Potchefstroom te vergesel.Cronje het geantwoord:-

> " Raaff, dink jy ek is so'n lafaard, ek sal nooit gewilliglik oorgee nie, en as die regering my wil hê, moet hy my met geweld vat, ons Afrikaners het gesweer om mekaar te verdedig tot die laaste druppel bloed, en om nie toe te laat dat jou regering enigeen van die manne wat deelgeneem het in die wa-saak, arresteer nie. Vir maande het ek nou al moeite gehad om my manne te verhoed om wapens op te neem teen die regering, ek het hulle altyd verhoed, maar nou het die tyd aangebreek waardeur ons saamgekom het om onsself te verdedig." 63)

Cronje het ook verklaar dat hy nie vir verdere moeilikheid/.....

59). C.-2740.Enclosure 2 in Nr.6L. Ibid.
60). Ibid.
61). Herinneringen, 15 Augustus 1913.Cronje het gedurende die sewentiger jare na die plaas Palmietfontein, Schoonspruit, getrek.
62). Ibid.
63). Dr. M.Heyns, bls.245.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Cronje en sy eggenote meer of min 1880*
(Foto F. Cronje)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

likheid sou instaan nie, veral nie as die Engelse regering nie die Boere dwing om verdere belastings te betaal, want die Boere is bereid om hulle tot die uiterste te verdedig. Raaff het te min manskappe by hom gehad om sy pl... voer en moes sonder die gevangenes na Potchefstroom terug ry.[64)]

Landdros Goetz het na hierdie gebeurtenis verklaar dat volgens sy opinie daar nou 'n algemene opstand sou plaasvind.[65)] J.B.Gray van Ventersdorp het rapporteer dat daar tussen 300 en 400 Boere baby Cronje se plaas vergader het. Dit was 'n algemeen uitgemaakte saak dat die Boere geweld gaan gebruik om hulle onafhanklikheid terug te kry, en dat die Engelse regering te swak is om hulle dit te belet.[66)]

'n Paar dae na die samesprekings met Raaff het Cronje en 'n patrollie van 93 man in die rigting van Ventersdorp vertrek om die bewegings van Raaff dop te hou. Langs die pad het een van Cronjé se geheime agente van Potchefstroom by hom gekom en vertel dat Raaff baie boos is omdat Cronje hom uitoorlê het.[67)] Raaff het belowe om al die rebelle aan die gereg uit te lewer as aan hom 200 manskappe en twee kanonne gegee word. Sy voorstel het byval gevind en hy sou nog dieselfde nag na Cronje se plaas vertrek ... om sy opdrag uit te voer.Terwyl die agent met die informasie op weg na Cronje was, het een van Raaff se spioene vinnig te/......

64). C - 2740, bls.123.(Verslag van die Potchefstroomse gebeurtenisse); Dr.M.Heyns, bls.245.

65). Ibid.

66). Ibid.

67). Herinneringen, 15 Augustus 1913. Cronje se agent het 'n kamer langsaan Raaff se kantoor gehuur sodat hy alles kon hoor wat daar gepraat is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te perd in die rigting van Potchefstroom verbygejaag.[68]

Nadat Cronje hierdie informasie ter hand gehad het, het hy sy oorspronklike plan laat vaar en na Potchefstroom i.p.v. Ventersdorp gery. Hy het sy manskappe so geplaas dat hulle beide paaie wat van die dorp na sy plaas gelei het, kon beheers. Dog Raaff en sy kommando het nie opgedaag nie. Hy het ook nie weer probeer om Cronje te arresteer nie.[69]

Na hierdie voorval het Kruger ook besef dat daar met groter spoed gehandel moes word. Hy het dadelik na Potchefstroom afgereis om 'n uitbarsting te voorkom. By sy aankoms het hy 'n onderhoud met majoor Clarke, bevelvoerende offisier van die Engelse garnisoen aldaar, gehad. Nadat hy alles gehoor het wat te Potchefstroom gebeur het, het hy besluit om 'n buitengewone vergadering van die Volkskomitee byeen te roep om besluite te neem.Die vergadering het op die 25 ste November en die volgende dae te Elandskuil sitting gehou.[70] Pretorius was afwesig en Kruger is in sy plek as voorsitter gekies. Kruger het die vergadering geopen deur te sê dat hy gekom het om oor die toestand van sake te beraadslaag en om te sien of daar nog kans was om bloedvergieting te voorkom.[71]

Cronje, wat die voortou in die wa-saak en daarna geneem het, is opgeroep om van die gebeurtenisse verslag te doen. Na sy verslag aangehoor is,is op voorstel van Paul/.....

---

68). Herinneringen, 1 September 1913.
69). Ibid. Die rede was dat die spioen aan Raaff vertel het dat Cronje 'n kommando van 550 man by hom gehad het. Raaff het nie vir hierdie mag kans gesien nie.
70). R.5449/80 : Notule van die vergadering te Elandskuil, 25 Nov. 1880 e.v. dae.
71). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paul Kruger besluit om die Volksvergadering van Paardekraal na 8 Desember 1880 te vervroeg,

"aangezien de toestand van zaken schijnt te dreigen op bloed." 72)

Daar is verder besluit om 'n subkomitee, met Kruger as leier, te benoem om George Hudson, Koloniale-Sekretaris van Transvaal, in 'n onderhoud te ontmoet. Hierdie onderhoud het op 29 November 1880 te Kaalfontein plaasgevind.73) P.J. Joubert is van Wakkerstroom ontbied.M.W.Pretorius was ook teenwoordig. Kruger het vir Hudson o.a. gevra waarom die Engelse regering die mense probeer keer omdat hulle protesteer. Sover het die Komitee altyd vir vrede gewerk en hulle wil geen bloedvergieting hê nie. Maar nou het sake 'n baie ernstige wending geneem.74) Kruger het Hudson goed laat verstaan dat dit nou nie meer 'n saak tussen die Britse regering aan die een kant en Cronje en Bezuidenhout met die wa-saak aan die onderkant was nie. Dit was nou 'n kwessie tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Engelse regering.Hiermee was die onderhoud op 'n end en as die Boere nog hulle onafhanklikheid wou terughê, was oorlog onvermydelik. Voordat hulle uitmekaar is, het die Komitee besluit dat die Volksvergadering wat vir 8 Januarie gereël is, nou op 8 Desember 1880 moes plaasvind.75)

Daar was nie meer tyd vir lydelike verset nie. Die tyd/............

72). R.5449/80. Verslag van P.A.Cronje.
73). Ibid. ; De Volksstem, 7 Desember 1880.
74). C - 2783 - 12 Januarie 1881:(Verslag van die Potchefstroomse gebeurtenisse).
75). Joubert Kolleksie 7 - 2384 : M.W.Pretorius aan P.J. Joubert, Lid van die Volks-Comite, 27 Nov. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tyd om die wapens op te neem het aangebreek. Engeland het die beleid om met 'n sterk hand reg te laat geskied uitgevoer toe drie lasbriewe teen Cronje, Basson en Coetzee, Schoonspruiters wat die leiding geneem het in die Potchefstroom-voorval, vir die misdaad van oproer uitgereik is.76)

Cronje het gesien dat die oorlogswolke dreigend saampak en daarom het hy sönder versuim die burgers in sy wyk kennis gegee om op 8 Desember 1880 te Paardekraal te verskyn. Diegene wat sonder skriftelike kennisgewing wegbly, sou as teenparty aangesien word. Cronje was beslis. Hy eindig met:-

> "Onze goed en bloed zal ons inzetten voor het vrijdom van onze Transvaal."77)

Sir Owen Lanyon het die dreigende botsing verhaas deur die uitvaardiging van 'n proklamasie op 6 Desember 1880 waarin hy verklaar dat hy kennis ontvang het dat sekere persone in die Potchefstroomse distrik, bedoelende Cronje en sy volgelinge, die outoriteit van die Koningin getart het deur die wa van Bezuidenhout met geweld uit die hande van die bode van die hof te geneem het. Lasbriewe is teen die oproermakers uitgereik maar hulle word deur sekere onderdane van die Koningin beskerm. Daar is ook 'n byeenkoms op 8 Desember 1880 bepaal, waar besluit sal word om die oproermakers uit te lewer of om voort te gaan om die gesag van

die/.......

---

76). B.V.8. F. Lasbriewe teen Cronje, Basson en Coetzee, 16 November 1880.

77). B.V.5 : Bekendmaking van P.A.Cronje aan die burgers van Schoonspruit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Koningin verder uit te tart. Hy waarsku die mense dat hulle 'n groot verantwoordelikheid op hulle skouers pak deur die wettige gesag van die wat in die openbaar uit te daag. Die voormanne en raadgewers van die volk sou in persoon en eiendom verantwoordelik gehou word vir hulle handelwyse en optrede in hierdie saak. Die proklamasie wat deur Sir T. Shepstone op 11 Maart 1878 uitgevaardig is, is in sy geheel weer aangehaal om Lanyon se waarskuwing te sterk. Daarna gaan hy voort en wys daarop dat sekere persone onwillig is om belasting te betaal. Die wet kon egter nie onderskeid tussen gewilliges en onwilliges maak nie. Almal moes eenvormig behandel word. Plase en eiendomme van onwillige persone sou verkoop word om hulle belastings aan te suiwer. Terslotte wys hy daarop dat dit ten voordele is dat die Koningin haar oppergesag moes behou. Die plaaslike amptenare sou alles in hulle vermoë doen om die gesag van die Britse kroon te handhaaf.[78)]

Die byeenkoms is tog gehou. Op die tiende dag van Desember 1880 het Cronje met nagenoeg 500 burgers by Paardekraal aangekom, waar intussen 4,000 tot 5,000 Boere versamel het. Die volgende dag, 11 Desember 1880, het die volk in 'n openbare vergadering besluit dat die Volkskomitee sou aftree en dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek weer sou fungeer.[79)] Daar is ook briewe uitgestuur om op Maandag, 13 Desember, 'n buitengewone sitting van die Volksraad te hou.[80)] Die Vise-President het 'n besielende toespraak/......

78). Staats-Courant Nr.228, 6 Desember 1880, bls.868; Dr. M.Heyns, blse. 250 - 253.
79). B.V._. Paardekraal, 11 Desember 1880; Uit die notule van die Volkskomitee, in De Volksstem, 6 April 1881.
80). De Volksstem, 6 April 1881: Uit die notule van die Volkskomitee, Paardekraal, vanaf 9 (of 8) Des. 1880.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spraak gehou. Hy het daarop gewys dat die saak van die land wettig is. Alhoewel die volk geprotesteer het, het hulle nooit die weg van die wet uit die oog verloor nie. Hulle het hulle lydelik verset en sou miskien nog met die Engelse regering versoen geraak het as die outoriteite in Pretoria dit nie vir hulle onmoontlik gemaak het nie. Kruger was oortuig dat hulle reg gehandel het, daarom het hy met die kragtige woorde gesluit:

> " Het regt der volken is aan onze zijde en hoe zwak wij zijn, onze God is een regvaardig God. Mijne heeren, de Heer zegene uwe werksaamheden en bescherme ons Vaderland."81)

Die Volksraad het al sy werksaamhede in een dag afgehandel en op voorstel van die Uitvoerende Raad, is die bestuur van die land aan 'n Driemanskap opgedra. Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius is hiertoe verkies.82) In elke distrik is 'n kommandant benoem, terwyl P.J. Joubert op 14 Desember deur die vergaderde burgers tot Kommandant-generaal verkies is.83) Cronje het kommandant van die distrik Potchefstroom geword.84)

Onmiddellik nadat die regering van die ou Suid-Afrikaanse Republiek herstel is, het die Driemanskap 'n proklamasie/......

---

81). De Volksstem, 6 April 1881: Uit die notule van die Volkomitee, Paardekraal, vanaf 9 (of 8) Desember 1880.

82). B.V.3 : Notule van die vergadering te Paardekraal, 13 Desember 1880.

83). B.V.6 : Brief van kommandante en veldkornette aan die Driemanskap, 14 Desember 1880; Gedenkschriften, blse. 94 - 95

84). Herinneringen, 1 September 1913.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proklamasie uitgevaardig waarin al die voorafgaande gebeurtenisse tot op daardie moment haarfyn opgesom is.Hulle was beslis tot die einde toe.Dit het hulle onomwonde aan Sir Garnet Wolseley geskryf:-

> "Wij zullen volharden tot het einde toe. Wij vertrouwen op de Koning der Koningen... Met vertrouwen leggen wij onze zaak open voor de geheele wereld. Hetzij wij overwinnen, hetzij wij sterven: de vrijheid zal in Afrika rijzen als de zon uit de morgenwolken, als de vrijheid rees in de Vereenigde Staten van Noord-Amerika. Dan zal het zijn van Zambesi tot Simonsbaai: Afrika voor den Afrikaner."85)

Hierdie uiters belangrike dokument moes onder begeleiding van 'n sterk gewapende mag na Potchefstroom geneem word om deur J.P.Borrius, Editeur van " De Transvaal" gedruk te word.86) Na rype oorweging is hierdie ernstige en belangrike taak aan die sorg van kommandant Cronje toevertrou.87)

---

85). De Volksstem, 6 en 20 April 1881; J.A.Mouton, bls.62.

86). B.V.3, art.4 : Notule van die vergadering te Paardekraal, 13 Desember 1880.

87). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA